Laerskool President Steyn

Posbus 9149, Verwoerdpark, Alberton, 1453 Tel:(011) 902-4904, Faks: (011) 902-5502
H/V Brink & Braunweg, Verwoerdpark E-Pos: presteyn@mweb.co.za

Beste Ouers,

Soos u dalk reeds verneem het van die media, maak die graad 1 aanlyn registrasies vir 2021 oop op 25 Junie 2020.
Sover ons bewus is, is die proses steeds dieselfde as verlede jaar, en tot ons nie anders verneem nie, gaan ons dus aan soos vorige jare.

Om te registreer gaan jy na www.gdeadmissions.co.za.

Dis 'n relatiewe maklike proses, en ons versoek dat u dit asb so gou as moontlik sal gaan doen die oomblik wat die registrasies oopmaak. Julle is meer as welkom om by die skool aan te klop vir hulp indien u onseker is. Neem asb ook in ag dat die aanlyn proses tydsverbonde is en dat u daarvolgens plek aangebied sal word. Sodra die aanlyn registrasie afgehandel is kan u die aansoekvorms kom afhaal by die kantoor. Dit sal ook op ons webtuiste beskikbaar gestel word om elektronies af te laai. **LET WEL DAT GEEN VORMS SONDER N REGISTRASIE NOMMER AANVAAR SAL WORD NIE EN KAN DUS NIE VOOR DIE 25ste TERUGGESTUUR WORD NIE.**

Hierdie jaar is die **grootste kriteria jou woonadres**. Die skool heel naaste aan jou huis sal dus die eerste een wees waar jy toegelaat gaan word om aansoek te doen. Dan sal jy 'n WA 1 nommer kry. Jy kan dan weer aansoek doen vir die skool binne 5 km van jou woonadres af.

Die kriteria loop dus soos volg.

Woonadres – WA 1

Boetie / Sussie in skool – WA 2

Werksadres – WA 3

30km radius – WA 4

Jy kan steeds aansoek doen indien jy nie aan bogenoemde kriteria voldoen nie, en sal dus dan n WB nommer ontvang wat jou op n B waglys plaas.
WA 1 nommers kry voorkeur en dan die res soos volg. Indien jy nie jou dokumentasie ingee by die skool waar jy aansoek gedoen het nie, sal die departement jou outomaties plaas waar hulle oop plek het.

Ons vertrou dat u dit as prioriteit sal beskou om te verseker dat u kind plek kry .

Vir enige navrae kan u gerus vir mev de Klerk skakel by Laerskool President Steyn.

Mnr PJ le Roux
Hoof